

9 April

Skrifgedeelte: Matteus 27:11-14; Lukas 23:7-16; Johannes 19:1-9
Fokusgedeelte: Matteus 27:12

Soos 'n skaap wat stil is as hy geskeer word ...

Dit is ironies dat die Koning van die ganse heelal, die Skepper, as beskuldigde voor sy maaksel staan! Die beskuldigings wat die Jode teen Hom inbring is buitendien vals en saamgeflans uit halwe waarhede. En Jesus swyg! Hy kon Hom maklik verdedig het! Maar dit is nie nodig nie. Pilatus weet dat Hy onskuldig is. Daar is egter meer redes waarom Jesus swyg. So word die profesie vervul (Jes 53:7). Buitendien weet die Here dat die verhoor nie plaasvind om reg te laat geskied nie. Jesus laat die verhoor doelbewus in die rigting van sy veroordeling loop sodat Hy ten volle kan betaal vir ons sondes (Joh 19:30). Dít is volgens die wil van die Vader.

Jesus lê self uit vrye wil sy lewe af vir almal wat aan Hom behoort (Joh 10:17, 18). Dít is die weergalose genade waarin ek en jy deel!

Sing: Skrifberyming 5-2:4, 5

Ds. APC Duvenage (Emeritus)